# KONSEP 8

# VRIENDE VAN AFRIKAANS GRONDWET

## 1. Naam

Die naam van die Vereniging is die *Vriende van Afrikaans*.

## 2. Setel

Die Vereniging word gesetel soos deur die jaarvergadering aanbeveel, maar die hoofkantoor en takkantore kan met die finale goedkeuring van die Spitsraad op enige plek in Suid-Afrika gevestig word.

## 3. Doel

Die doelstellings van die Vriende van Afrikaans sluit in:

3.1.1 Om Afrikaans en die Afrikaanse kultuur op alle terreine te handhaaf en te bevorder deur onder andere projekte.

3.2 Om Afrikaanssprekendes te bemagtig van om Afrikaans in al sy vorme te gebruik.

3.3 Om erkenning te gee aan organisasies en instansies wat Afrikaans in hulle organisasies erken en gebruik.

3.4 Om navrae oor Afrikaans te beantwoord en met die vertaling vanuit 'n ander taal in Afrikaans behulpsaam te wees.

3.5 Om te skakel met en ondersteuning te verskaf aan organisasies wat Afrikaans en die Afrikaanse kultuur bevorder.

3.6 Om Afrikaanssprekendes buite die grense van die RSA te ondersteun ten einde die doelstellings van die Vriende van Afrikaans te bevorder.

3.7 Om die strewe na veel- en meertaligheid in die RSA te steun.

3.8 Om te onderhandel met instansies wat Afrikaans bewustelik of onbewustelik afskeep en die grondwetlik verskanste taalregte van Afrikaanssprekendes misken.

## 4 Lidmaatskap

4.1 Enige persoon wat die Vereniging wil help om sy doelstellings te bereik, mag aansluit.

4.2 Van lede word verwag om 'n jaarlikse bydrae te lewer as ledegeld.

4.3 Die Vereniging kan lewenslange lidmaatskap toestaan.

4.4 Ander organisasies gemoeid met die bevordering van Afrikaans kan as meewerkende liggame toegelaat word mits hulle volgens die diskresie van die Spitsraad in staat is om by te dra tot die verwesenliking van die oogmerke van die Vereniging.

4.5 Elke lid of sy gevolmagtigde het een stem op 'n vergadering.

4.6 Die aanspreeklikheid van alle lede is beperk tot die bedrag van onbetaalde ledegelde of bedrae verskuldig deur lede aan die Vereniging. Die lede sal nie aanspreeklik wees vir enige skulde wat die Vereniging aangaan nie.

4.7 Wanneer dit in belang van die *Vriende van Afrikaans* is, mag 'n persoon of persone (ook nie-lede) tot enige struktuur van die *Vriende van Afrikaans* gekoöpteer word. Die tydperk van koöptering word deur die Spitsraad bepaal.

4.8 'n Kworum word bepaal as die helfte van die teenwoordige lede (opgerond tot die naaste hoër heelgetal) behalwe in gevalle waar dit anders gemeld word.

4.9 Lede en ampsdraers van die Vereniging sal geen regte ten opsigte van die eiendom of ander bates van die Vereniging hê bloot uit hoofde van die feit dat hulle lede of ampsdraers is nie.

**5. Beheer**

5.1 Die beheer van die Vriende van Afrikaans is gesetel in die Spitsraad.

5.2 Ledevergaderings, wat die verpligte jaarvergadering insluit, word van tyd tot tyd gehou.

(i) Die Spitsraad het die reg om subkomitees aan te wys. Alle besluite en aksies van subkomitees moet bekragtig word deur die Spitsraad op 'n formele vergadering. Alle lede van die Vereniging moet die besluite geneem deur die Spitsraad eerbiedig.

(ii) Alle takke is onderhewig aan en funksioneer ingevolge hierdie Grondwet. Alle takke moet skriftelik deur hul bestuursliggame hul instemming met hierdie bepaling aan die Spitsraad rapporteer voordat hulle hul werksaamhede voortsit of, in die geval van nuwe takke, daarmee begin.

(iii) Die Spitsraad kan goedkeur dat takke buite Suid-Afrika gestig word, onderhewig aan enige wette of ander regsbepalings van toepassing in die betrokke lande en in Suid-Afrka.

5.4 Onderskeid word getref tussen taklede en lede wat ingeskryf is by die Vereniging self. Alle lede kan deelneem aan 'n stemming ter aanbeveling op vergaderings, maar finale afhandelingsbevoegdheid berus steeds by die Spitsraad. Dit is verpligtend vir nuwe Spitsraadslede (aangewys in terme van 6.4) om lede van die vereniging self te word ongeag van hul lidmaatskap by 'n afsonderlike tak.

## 6. Spitsraad

6.1 Die Spitsraad:
6.1.1 bestuur die Vereniging
6.1.2 bestaan uit nie minder as 5 lede nie
6.1.3 vergader wanneer nodig
6.1.4 strewe daarna om die doelstellings van die Vereniging met praktiese, haalbare en bekostigbare projekte en ander handelinge te laat realiseer.

6.2 'n Kworum bestaande uit die opgeronde helfte van Spitsraadlede moet teenwoordig wees om bindende besluite te neem namens die Vereniging, met dien verstande dat bindende besluite deur minstens drie persone gesteun moet word.

6.3 Notules word gehou van alle besluite geneem op Spitsraadvergaderings asook van aanbevelings gemaak op Ledevergaderings.

6.4 Spitsraadslede word verkies tydens die Jaarvergadering deur lede teenwoordig. Dienende bestuurslede kan jaarliks heraangestel word vir 'n volgende termyn. Die Spitsraad kan lede koöpteer indien dit nodig blyk te wees.

### 6.5 Byeenroeping en prosedure van die Spitsraad

(i) Spitsraadvergaderings word so dikwels belê as wat die Spitsraad self besluit met dien verstande dat die voorsitter (of by sy of haar afwesigheid, die ondervoorsitter) bykomstige dringende vergaderings kan belê. Redelike kennis van sodanige vergaderings moet aan alle Spitsraadslede wat bereikbaar is, gegee word.

(ii) Die prosedure op Spitsraadvergaderings word gereël deur die gemenereg, in soverre die Reglement dit nie bepaal nie.

## 7. Ledevergaderings

7.1 Die ledevergaderings van die Vereniging, waarvoor twee (2) weke kennis gegee moet word, word bygewoon deur verkose verteenwoordigers van takke en enige ander ingeskrewe lede.

7.2 Die teenwoordige lede vorm 'n kworum by hierdie vergadering.

7.3 Besoekers, byvoorbeeld persone wat nie lede van takke is nie; lede van takke wat nie afgevaardig is nie en diegene wat nie ingeskrewe lede van die Vereniging is nie moet buite stemming bly waar mosies dien ter aanbeveling aan die Spitsraad.

7.4 Notules word gehou van alle aanbevelings aan die Spitsraad.

## 8. Regspersoonlikheid en bevoegdhede

8.1 Die Vereniging besit regspersoonlikheid met ewigdurende opvolging, en eiendom kan in sy naam geregistreer word. Hy is ook bevoeg om enige tipe eiendom, onder andere outeursregte, te besit asook om roerende en onroerende eiendom aan te skaf, te vervreem, te skenk en onder verband te beswaar of andersins te verpand, met dien verstande dat sodanige handelings slegs ter bevordering van die Vereniging se doelstellings, soos uiteengesit in paragraaf 3 hierbo, uitgevoer mag word.

8.2 Nieteenstaande enige bepaling tot die teendeel in hierdie Grondwet, sal die Spitsraad by die uitvoering van hul magte altyd onderhewig wees aan die volgende bepalings:

(a) Die Spitsraad mag bates en inkomste van die Vereniging slegs aanwend ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging, soos vervat in paragraaf 3 hierbo, en ter betaling van administratiewe kostes en uitgawes aangegaan ooreenkomstig die uitvoering van die doelstellings van die Vereniging met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling ter goeder trou belet van:

(i) redelike vergoeding aan enige diensnemer, lid of verteenwoordiger van die Vereniging vir dienste werklik aan die Vereniging gelewer; en

(ii) die terugbetaling aan enige persoon van enige uitgawes deur hom aangegaan namens die Vereniging, of in die uitvoering van sy pligte vir die Vereniging.

(b) Die Spitsraad mag slegs besigheid bedryf wat direk verband hou met die doelstellings van die Vereniging soos uiteengesit in paragraaf 3 hierbo. Dit sluit onder andere in gewone handelsaktiwiteite, spekulatiewe transaksies asook die aankoop van eiendom met die bedoeling om huurinkomste daaruit te verkry.

8.3 Alle regsaksies deur of teen die Vereniging sal in die naam van die Vereniging geskied en die Spitsraad is by magte om enige persoon of persone volmag te gee om namens die Vereniging op te tree, dokumente te onderteken en enige moontlike stappe te doen ten opsigte van sodanige aksies.

**9. Finansies**

9.1 'n Rekeningkundige lid of beampte sal aangewys word by die Jaarvergadering. Die taak van die rekeningkundige persoon is om vas te stel of die rekeningkundige rekords ooreenstem met die finansiële jaarstate.

9.2 Die finansiële jaar begin op 1 Januarie en eindig op 31 Desember van elke jaar.

9.3 Die Vereniging **moet** 'n bankrekening open by 'n geregistreerde finansiële instelling en alle tjeks moet onderteken word deur ten minste twee persone wat deur die Spitsraad aangewys word.

9.4 Die administratiewe personeel van die vereniging sal alle transaksies van inkomste, uitgawes, bates en laste boekstaaf.

9.5 Enige gelde bekom deur middel van skenkings, kontrakwerk, of dienste gelewer (behalwe fondse wat na goeddunke vir ‘n bepaalde doel in ontvangs geneem word) sal slegs aangewend word om uitvoering te gee aan die doelstellings onder paragraaf 3 hierbo genoem.

9.6 Die Vereniging se inkomste, winste en eiendom word nie aan lede uitgekeer nie, maar sal gebruik word om die doelstellings van die Vereniging te realiseer.

9.7 Fondse wat beskikbaar is vir belegging mag slegs by geregistreerde finansiële instellings soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984 en/of in aandele wat op ‘n gelisensieerde effektebeurs, soos omskryf in die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No 1 van 1985) genoteer is, belê word of andersins aangewend word vir die bevordering van die doelstellings van die Vereniging soos uiteengesit in Par. 3.

9.8 Geen lid, beampte, administratiewe personeellid of tak van die Vereniging of enige gevolmagtigde of verteenwoordiger van sodanige persone of tak sal geregtig wees om enige kontrak wat 'n finansiële verpligting of potensiële of voorwaardelike verpligting groter as R5000 (vyfduisend rand) vir die Vereniging mag inhou, met enige persoon, liggaam of instelling aan te gaan of te sluit nie, tensy die skriftelike of elektroniese verlof van die Spitsraad vooraf daarvoor verkry is.

9.9 Enige persoon wat in stryd met bostaande bepalings handel, sal persoonlik aanspreeklik wees vir enige regsverpligtinge wat uit sy of haar handelwyse mag voortspruit. Die Vereniging sal nie in enige opsig deur sodanige handelswyse gebind word nie.

## 10. Ontbinding

10.1 Kansellasie van registrasie en likwidasie of ontbinding van die Vereniging kan slegs plaasvind ooreenkomstig die bepalings van artikel 23 van Wet 71 van 1997 (die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 1997), nadat 'n besluit te dien effekte geneem is op 'n jaarvergadering of 'n buitengewone ledevergadering, met kennisgewing, kworum en meerderhede soos bepaal in artikels 1.1, 1.2 en 3.4.3 van die Reglement.

10.2 By likwidasie of ontbinding van die Vereniging sal al die bates wat oorbly, nadat alle verpligtinge van die Vereniging gedelg is, slegs oorgemaak mag word aan ‘n ander organisasie(s) met soortgelyke doelstellings as die Vereniging en wat ook ingevolge artikel 10(1)(cB)(i)(dd) van die Inkomstebelastingwet, 58 van 1962 van belasting vrygestel is, soos besluit deur die Spitsraad.

## 11. Wysiging

11.1 Hierdie Grondwet kan slegs gewysig word op ‘n jaarlikse ledevergadering (of op 'n buitengewone ledevergadering) by wyse van ‘n mosie waarvan 14 dae (uitgesonderd die datums waarop die kennisgewings gepos word en die dag van die vergadering), ooreenkomstig par. 7.1 vooraf skriftelik kennis gegee is en wat deur ‘n tweederde meerderheid van die teenwoordige lede aanvaar is.

11.2 Enige wysiging aan die grondwet en/of die reglement moet aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word.

# REGLEMENT VAN DIE VRIENDE VAN AFRIKAANS

## 1. Bepaling van die Reglement

Hierdie Reglement word deur die Spitsraad bepaal en kan gewysig word deur ‘n tweederde meerderheid van die Spitsraad of 'n ledevergadering onderhewig daaraan dat sodanige wysigings en byvoegings nooit teenstrydig met die bepalings van die Grondwet van die Vereniging sal wees nie.

1.2 Enige wysigings van die Grondwet en/of die Reglement moet aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word.

## 2. Beheerstruktuur

Beheer oor die Vereniging word uitgeoefen deur ‘n Spitsraad met die volgende samestelling en funksies:

2.1 ‘n Voorsitter
2.2 'n Ondervoorsitter / Nasionale koördineeder van die Vriende van Afrikaans
2.3 Die Uitvoerende Beampte
2.4 Rekenpligtige lid
2.5 Verdere lede wat deur die Spitsraad gekoöpteer word.

## 3. Personeelstruktuur

3.1 Die getal personeel (heeltyds en/of deeltyds) van die Vereniging word deur die Spitsraad bepaal.

3.2 Die Spitsraad wys uit eie geledere jaarliks ‘n voorsitter en ondervoorsitter aan.

3.3 Funksies van die Spitsraad

3.3.1 Hanteer gewone en spoedeisende sake
3.3.2 Bepaal ledegeld
3.3.3 Stel personeellede, gefinansier deur die Vereniging, aan
3.3.4 Neem besluite en hou toesig oor die aanwending van die fondse van die Vereniging.
3.3.5 Bepaal die algemene beleid en prioriteite ten opsigte van die bevordering van die doelstellings van die Vereniging.
3.3.6 Lê ‘n jaarverslag voor oor die werksaamhede van die Vereniging aan die Jaar-vergadering.
3.3.7 Evalueer en keur voorgestelde projekte en monitor die uitvoering daarvan.
3.3.8 Hou toesig oor die werk van subkomitees.
3.3.9 Delegeer bepaalde bevoegdhede.

3.4 Ledevergaderings

3.4.1 Die voorsitter en ondervoorsitter van die Spitsraad tree op as onderskeidelik voorsitter en ondervoorsitter op Ledevergaderings. Ledevergaderings van die Vereniging word belê wanneer nodig.

3.4.2 'n Jaarvergadering word een keer per jaar gehou.

3.4.3 'n Buitengewone Ledevergadering kan plaasvind indien die lede minstens 14 dae (die dag van die versending van posstukke en die dag van die vergadering uitgesluit) voor die vergaderdatum daarvan in kennis gestel is, met dien verstande dat indien 50 ingeskrewe lede instem dat ‘n spoedeisende vergadering met korter kennisgewing kan voortgaan, die vergadering wel mag geskied.

3.4.4 Indien die Voorsitter en Ondervoorsitter afwesig is, kies lede uit eie geledere ‘n voorsitter vir die bepaalde vergadering.

3.4.5 Die samestelling van die Ledevergadering(s):

Een afgevaardigde van elke tak
Ingeskrewe lede van die Vereniging wat teenwoordig wil wees.
'n Kworum vir 'n vergadering is die teenwoordige ingeskrewe lede.

3.4.6 Besluite word met 'n meerderheid stemme geneem, behalwe waar reglementswysigings ter sprake is, in welke geval 'n tweederde meerderheid vereis word.

3.4.7 By die staking van stemme het die voorsitter van die vergadering 'n beslissende stem. Gewone stem geskied deur die hande op te steek. Stemming vir persone geskied per geslote stembriefie.

**Pligte en verantwoordelikhede**

**4.** Die **Voorsitter** van die Spitsraad is oorhoofs verantwoordelik vir:

4.1 Toesig oor die Vereniging se administratiewe bedrywighede.
4.2 Beheer oor die personeel van die Vereniging.
4.3 Enige ander verpligting wat deur die Spitsraad aan hom/haar opgedra word.
4.4 Van hierdie pligte/funksies mag met die goedkeuring van die Spitsraad aan ander persone, insluitend personeellede van die VVA, gedelegeer word. Hierdie delegering kan deur die Spitsraad sonder opgaaf van redes ingetrek word.

**5.** Die **Uitvoerende Beampte** van die Vriende van Afrikaans is verantwoordelik vir:

5.1 Die bestuur en administrasie van die Vereniging se hoofkantoor.
5.2 Beheer oor die insameling van fondse.
5.3 Reëlings in verband met en hou van notules van Spitsraad- en Ledevergaderings.
5.4 Opvolg van besluite en aanbevelings voortspruitend uit vergaderings.
5.5 Die voorbereiding van 'n jaarverslag wat by die Jaarvergadering van die Vereniging voorgelê en goedgekeur moet word.
5.6 Saamstel en versending van *Doendinge*.
5.7 Skakeling met die media.
5.8 Bywoning van vergaderings van organisasies wat gemoeid is met die bevordering van Afrikaans.
5.9 Enige ander opdragte soos deur die Spitsraad bepaal.

**6. Struktuur en Funksionering**

6.1 Die werk van die Vereniging word georganiseer in verskillende projekte in ooreenstemming met die opdragte of fondse vir spesifieke doeleindes.

6.2 Afsonderlike projekkomitees kan ingestel word onderhewig aan bevredigende finansiële reëlings en goedgekeur deur die Spitsraad.

**7. Finansies**

7.1 Die fondse en ander bates van die Vereniging bestaan uit bydraes van lede van die Vereniging en word verder verkry uit onder meer skenkings, toekennings, vergoeding vir bepaalde projekte, dienslewering en enige ander inkomstebronne.

7.2 Die Spitsraad is verantwoordelik vir die administrasie van fondse.

7.3 ‘n Begroting en finansiële state word jaarliks aan die Spitsraad en Jaarvergadering voorgelê. Gereelde terugvoering van uitgawes teenoor begroting word aan die Spitsraad en Ledevergaderings voorgelê.

Hiermee bevestig ek dat ek die gewysigde grondwet aanvaar namens die tak , waar toepaslik, soos gewysig op die Algemene Jaarvergadering van 25 Junie 2004.

Naam:…….
Taknaam:…….
Handtekening:……..
Datum:…….